

BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR DEUR DR PHILIP THEUNISSEN

BEGROTINGS

Omstandighede verander te veel en te vinnig wat dit “onmoontlik” maak om ‘n begroting vir ‘n boerdery op te stel. Pryse en opbrengs gaan beslis nie oor twaalf maande dieselfde as nou wees nie so boere kan oë toekny en boer dat die blou rook trek en oor twaalf maande kyk waar die banksaldo dan staan. As dit nie is wat dit behoort te wees nie sal die bankbestuurder verstaan want “almal kry maar swaar”. Begrotings is dus iets wat boere nie hoef te doen, of so dink hulle.

Miskien verloor boere die werklike doel van ‘n begroting uit die oog. Dit is nie bloot net ‘n waardelose maar tog noodsaaklike stukkie papier waarsonder jy nie jou oortrokke fassiliteit vir nog ‘n jaar verleng sal kan kry nie. Dit is eerder ‘n krtikiek bestuursinstrument waarsonder daar nie ‘n behoorlike beplanning vir ‘n boerdery se aktiwiteite gedoen kan word nie. Dit word gebruik om die boerdery suksesvol deur die volgende periode van twaalf maande te neem en sit ‘n plan uiteen van dit wat in finansiële terme gedoen moet word en wat die verwagte resultate daarvan gaan wees. ‘n Boer wat nie van ‘n begroting gebruik maak nie is dus nie bevoeg om ‘n boerdery te kan bestuur nie.

Voordele van ‘n begroting

‘n Behoorlik opgestelde begroting skep ‘n gemeenskaplike visie vir almal wat by die boerdery betrokke is naamlik die boer self, sy insetverskaffers, sy bemarkingsagente, sy finansierders en sy personeel. Dis soos om ‘n bouplan vir die bou van ‘n huis te laat teken. Dit lê almal (eienaar, argitek, bouer, loodgieter, elektrisiën en skrynwerker) se visie op papier vas. Daarsonder moet almal maar raai wie wat wanneer moet doen en hoe die voltooide huis uiteidenlik gaan lyk. Sonder ‘n begroting moet almal ook maar raai wie wanneer betaal moet word en hoeveel wanneer ontvang gaan word. Niemand weet dus hoe die boerdery oor twaalf maande gaan lyk nie.

Uiteraard lyk ‘n voltooide huis meestal nie soos die een op die bouplan nie. Net so sal ‘n begrote boerdery ook nie soos die werklike een na twaalf maande lyk nie. Die belangrikste punt is egter dat die huis en boerdery darem min of meer so sal lyk soos die een in die bouplan of begroting.

Die aanwending van begrotingstegnieke stel die boer in staat om die koste en die inkomste van gedeeltes van sy boerdery en dan die boerdery as geheel te kan vasstel. Dit kan ook gebruik word om die effek van kleiner aanpassings binne die boerdery te bepaal byvoorbeeld “no till” teenoor normale bewerkings. Dit dui ook aan wat die ekonomiese impak van ‘n verandering in hulpbronne op die boerdery sal hê soos om nog grond by te koop of bestaande grond te verkoop.

Die begrotingsproses sluit in dat die boer voorraad opneem van sy beskikbare hulpbronne, die ontwikkeling van alternatiewe gebruike vir sy hulpbronne en die aanwending van die mees ekonomies alternatief van die hulpbronne. ‘n Begroting is ook ‘n belangrike hulpmiddel om koste en inkomste van ‘n verskeidenheid opsies en aktiwiteite binne die boerdery te bepaal, Ideaal gesproke moet ‘n begroting die boer in staat stel om daardie stel aktiwiteite vir sy boerdery te formuleer wat hom in staat sal stel om die doelwitte wat hy vir sy boerdery gestel het te kan bereik. Dit sal sy besluitneming vergemaklik ten opsigte van:

- Die aanwending van nuwe tegnologie;
- Uitbreiding van sy boerdery;

- Inbring van nuwe vertakkings;
- Die uitwerking van verskillende produksiepraktyke;
- Die huur van masjinerie teenoor die aankoop daarvan;
- Die oprig van vaste verbeterings;
- Die uitkoms van sy bemarkingsplan.

Die opstel van 'n begroting

Die sukses van 'n begroting lê uiteraard in die akkuraatheid daarvan. Dit word weer bepaal deur die betroubaarheid van inligting wat gebruik word. As die boer nie goeie werklike syfers van die onlangse verlede het nie, gaan sy inligting binne die begroting nie akkuraat wees nie. Wat die uitgawes aan betref, moet die boer betroubare syfers of dan skattings kan gee van produksiekoste, koste van bestaande kapitaal, koste van kapitale uitbreidings en dan ook die verwagte opbrengs en pryse van die produkte wat hy beplan om te verkoop.

Dit is nie te moeilik om uitgawes te begroot nie. Dit is gewoonlik verkrygbaar uit historiese syfers of vanaf pryslyste van insetverskaffers. Dit is wel 'n probleem om opbrengs en produkpryse akkuraat vooruit te skat. Dit is nogtans nodig om 'n beraming daarvan te maak omdat dit aandui watter inkomste verwag kan word of watter inkomste soms nie verwag kan word nie. Die beste bron vir opbrengs bly die boer se eie historiese rekords. Daarmee saam kan 'n skatting gemaak word van huidige oeste se toestand, gegewe die verwagte weerstoestande.

Toekomstige pryse is moeiliker bepaalbaar. Verskeie organisasies, agri-besighede en graanmakelaars doen egter prysvooruitskattings en stel dit vir boere beskikbaar. Daarmee saam kan die boer verder sy begroting op 'n prysreeks baseer (pessimistiese verwagting, gemiddelde verwagting en optimistiese verwagting) om die begroting se uitkoms te bepaal. Hierdie metode sal die prys sensitiwiteit vir die boerdery evalueer en aandui teen watter vlakke daar 'n wins of verlies gemaak gaan word.

Finale begroting

'n Begroting is in realiteit nooit finaal nie. Die eerste een is beslis nie finaal nie en behoort behoorlik getoets te word vir eerstens akkuraatheid en tweedens ook vir die effek wat afwykings daarop gaan hê. Die finalisering van die begroting moet aan die volgende faktore getoets word:

- Is opbrengs en pryse realisties?
- Is daar alternatiewe wat dalk 'n beter resultaat kan bied?
- Hoeveel risiko is betrokke by die begroting?
- Kan die beskikbare bestuur se vermoëns die begroting as 'n werkbare plan uitvoer?

Slotsom

'n Begroting se grootste tekortkoming is dat dit in die toekoms kyk en dus moet sekere aannames oor toekomstige gebeure gemaak word. Daarom is die uitkoms van die werklike resultate soms anders en selfs wesentlik anders as die begrote resultate. Tog is die begroting 'n rigtingaanduiding van wat die finansiële verwagting van die volgende twaalf maande kan wees. Geen boer behoort dus sy besigheid sonder 'n begroting te bestuur nie.